# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging

# Bushveld Hunters and Game Conservation Association

**Posbus/P.O. Box 1771 Polokwane 0700**

**BELEID EN PROSEDURES RAKENDE**

## TOEGEWYDE JAGTERS

### 1. Inleiding

Die inwerkingstelling van die Wet op die Beheer op Vuurwapens (wet 60 van 2000) maak voorsiening vir lede van jagtersverenigings om as toegewyde jagters te registreer. Die doel van hierdie dokument is om die BJV se beleid en prosedures rakende toegewyde jagters te formaliseer.

### 2. Wat is `n toegewyde jagter?

Volgens die Wet op die Beheer van Vuurwapens is `n toegewyde jagter `n persoon wat:

- ‘n **opbetaalde lid** is van `n **geakkrediteerde vereniging**,
- die **vereiste opleiding** ondergaan het, en
- gereeld aan **jagverwante aktiwiteite** deelneem.

### 2.1 Opbetaalde lid

Slegs ‘n opbetaalde lid kwalifiseer om te registreer as toegewyde jagter. Lede wat se lidmaatskap verval het, se registrasie as toegewyde jagter word ook opgeskort en die SAPD moet hiervan verwittig word.

### 2.2 Geakkrediteerdevereniging

Die Bosveldjagters- en Wildbewaringsvereniging is ten volle by die SAPD geakkrediteer (akkreditasie no. 1300084) en is dus by magte om toegewyde jagterstatus aan lede, wat aan die vereistes voldoen, uit te reik.

### 2.3 Vereiste opleiding

Verwys na die Beleid en Prosedures in die Opleidingsdokument vir volledige inligting rakende opleiding. Die term word nie gedefinieer in die wet nie. In lyn met CHASA se beleid, vereis die BJV egter dat `n lid minstens 50% vir die teorie gedeelte van die CHASA bekwaamheidstoets moet kry en ook drie opeenvolgende skote oor 100m in die standaard CHASA rooibokteiken se hart/long area moet kan skiet. Persone wat die CHASA bekwaamheidssertifikaat ontvang het, kwalifiseer om aansoek te doen vir registrasie as toegewyde jagter.

Persone wat die voorgeskrewe professionele jagters eksamen geslaag het en bewys daarvan kan lewer, kwalifiseer ook om as toegewyde jagter te registreer.

Aangesien bona-fide jagterstatus saam met die Wapen en Ammunisie Wet van 1969 (Wet 75 van 1969) uitgefaseer het, word die status nie erken nie. Lede wat bona-fide jagters was onder die ou wet, moet aan al die voorgeskrewe vereistes vir toegewyde jagters voldoen om te kan registreer as toegewyde jagter.

**2.4 Jagverwante aktiwiteite**

Weereens definieer die wet nie wat as aktiwiteite erken word nie. In lyn met CHASA se voorskrifte vereis die BJV dat ‘n toegewyde jagter aan minstens drie (3) jag of jagverwante aktiwiteite in ‘n jaar, moet deelneem. Minstens twee (2) van die aktiwiteite moet jagtogte of skietoefeninge, of ‘n kombinasie, wees.

**2.4.1 Jag of jagverwante aktiwiteite**

Enige jag of verwante aktiwiteit wat geverifieer kan word, kan aangebied word as aktiwiteit. Dit sal dus tipiese aktiwiteite soos jagtogte of enige van die BJV se aktiwiteite insluit, asook enige ander jagverwante aktiwiteit. Die onus rus op die lid om die bewyse vir die bywoning van aktiwiteite aan sy takbestuur te verskaf.

Bewyse vir jagverwante aktiwiteite wat aanvaar word is die volgende:

- ‘n volledig voltooide en getekende aktiwiteitsregister of
- ‘n voltooide teenwoordigheidsregister

Bewys van jagte wat aanvaar sal word is die volgende:

- ‘n voltooide en getekende aktiwiteitsregister of
- ‘n afskrif van die toestemmingsbrief om te jag.

Grondeienaars wat op hul eie eiendom jag moet, soos nie-eienaar jagters, ‘n brief in die verband aan sy takbestuur voorlê. Al die inligting wat gewoonlik op ‘n toestemmingsbrief om te jag sal verskyn, moet ook op so ‘n brief verskyn. Dit sal tipies insluit die jagdatum, spesie/s wat gejag is en die geslag, asook die eiendom se geregistreerde naam en die vrystellingsnommer. Verder moet dit ook ‘n verklaring insluit wat bevestig dat die lid wel die geregistreerde eienaar van die eiendom is.

Die volgende kan <u>nie</u> aanvaar word as bewys van jagtogte <u>nie</u>:

- ‘n Brief van ‘n grondeienaar wat bevestig dat `n lid gereeld op ‘n spesifieke plaas kom jag. So ‘n brief dui nie op `n spesifieke, verifieerbare aktiwiteit nie.
- ‘n Kwitansie vir die aankoop van karkasse kan nie aanvaar word as `n bewys van ‘n jag nie.

**3. Prosedures vir die aansoek om as toegewyde jagter te registreer**

Om as toegewyde jagter te registreer moet `n lid die voorgeskrewe vorm volledig invul en alle vereiste dokumente, soos hieronder aangedui, aanheg:

- Afskrif van I.D. dokument
- Afskrif van SAPD Bevoegdheidsertifikaat indien een reeds beskikbaar is anders afskrifte van die sertifikate wat deur die opleidingsentrum uitgereik is.
- Afskrif van Chasasertifikaat of `n afskrif van `n Professionele Jagtersertifikaat (indien van toepassing).

Die aansoek word, tesame met die voorgeskrewe betaling en veriviasie van opbetaling van lidmaatskap, aan die takbestuur oorhandig. Die aansoek word dan deur die takbestuur oorweeg en op grond van die inligting wat deur die lid verskaf is, word die aansoek goed- of afgekeur.

**4. Rapportering**

In lyn met die vereistes van die wet sal die Vereniging jaarliks teen 30 November die status van toegewyde jagters evalueer en aan die SAPD rapporteer.